University of Pretoria etd-Bosman, L L 2006

**Hoofstuk 1**

# VOORLOPIGE BESKOUING VAN NAVORSINGSMETODOLOGIE

## 1. 'N PROBLEEMVERHAAL

Die verhaal van hierdie navorsing begin een oggend in 1993 na 'n pastorale gesprek met 'n vrou wat my oor 'n lang tyd gespreek het na aanleiding van probleme wat sy ondervind het met haar pa (wat toe al 'n hele paar jaar oorlede was) haar broer en ma. Die gesprekke het begin toe sy my wou kom spreek omdat sy beleef het dat iets haar verhinder om werklik vreugde te beleef in haar verhouding met God en deur die verloop van die gesprekke het dit geblyk dat daar 'n onvertelde verhaal oor haar pa is. Hoe dit ook al sy, aan die einde van hierdie gesprek, terwyl ons besig is om te groet, kom my hond in die studeerkamer in en ek maak verskoning omdat die hond teen haar skuur. "Dit maak nie saak nie", sê W., "my skoonma is mos ook 'n sielkundige en sy sê dat haar hond dikwels mense se spanning verlig wanneer hulle haar kom sien." Onmiddellik daarna besef sy dat ek mos eintlik haar dominee is, en sy wil haarself korrigeer, maar sy weet nie wat om te sê dat ek is nie, dominee of sielkundige.

Toe sy weg is, het ek oor hierdie verspreking nagedink. Ek het nogal ambivalente gevoelens gehad oor wat sy gesê het: aan die een kant het ek gevoel dat as sy my verwar met 'n sielkundige, moet sy my seker as baie professioneel beleef en daaroor was ek bly, maar aan die ander kant het ek gewonder op watter manier my terapeutiese gesprekke met haar (en met ander gespreksgenote) anders lyk as wat gesprekke met 'n gewone sekulêre sielkundige sou lyk. Ek kon nie juis sê nie. Daarna het ek baie keer nagedink oor die terapie wat ek beoefen:- of dit werklik 'n pastorale karakter het en hoe die pastorale aard van my werk beter by die terapeutiese werk geïntegreer kan word. Hierdie was die begin daarvan dat ek verder gaan studeer het in pastorale terapie. Die grondslae van my terapeutiese benadering tot dan is gelê vanuit 'n maatskaplike werk uitgangspunt, wat ook verklaar waarom dit nie 'n uitgesproke pastorale inslag gehad het nie. Die tema van die pastorale karakter van die pastorale terapeut het deur my MDiv-studies by my gebly, en ek het my dan ook 'n MDiv-skripsie daaroor geskryf (Bosman, 1995). In hierdie studie het ek 'n breër

University of Pretoria etd-Bosman, L L 2006


> fokus gehad, nl op die pastor, en vanuit 'n eko-hermeneutiese hoek. Die fokus het hier nie eksklusief geval op die pastorale self nie, maar het breër gekyk na die pastor in die gemeente-opset en die implikasies wat dit het vir die rol en identiteit van die pastor. Ek het egter steeds die behoefte gehad om spesifiek te skryf oor die pastoraal terapeutiese self. Sedertdien het ek ook 'n ander, ingrypende skuif gemaak van 'n eko-hermeneutiese benadering na 'n narratiewe. Die narratiewe benadering is meer in lyn met die postmoderne sosiale en akademiese konteks waarin ek myself bevind, maar dit bring ook weer nuwe uitdagings na vore om die grondslae van die self en van navorsing in 'n narratiewe benadering te ondersoek.

Soos blyk uit hierdie verhaaltjie is daar bepaalde vrae en probleemstories wat my by hierdie studie uitgebring het. Hierdie vrae het onvermydelik 'n groot invloed op die navorsing, dit is die voorvrae waarmee ek na die navorsing kom en waarmee ek die veld benader. Ek benader nie hierdie studie as 'n onverbonde, waardevrye navorser wat ten doel het om objektiewe waarhede oor die pastoraal terapeutiese self te ontdek nie. My eie vrae, belange en waardes maak 'n belangrike bydrae tot die navorsing. Hierdie is 'n narratiewe ondersoek wat met die veronderstellings van sosiale konstruksionisme werk: met my eie vrae en in gesprek met talle ander persone word verhale gekonstrueer oor die pastoraal terapeutiese self. In hierdie konstruksies is my eie waardes, vrae en belange 'n belangrike faktor. Derhalwe probeer ek om nou so volledig moontlik weer te gee wat my eie vrae en belange by hierdie studie is. Soos sal blyk uit die uiteensetting is daar bepaalde waardes onderliggend aan hierdie vrae. Ek formuleer my eie belange in die vorm van 'n aantal navorsingsvrae wat vir my belangrik is in die aanpak van hierdie studie.

## 2. Navorsingsvrae

1. Die eerste vraag is dié oor ***integriteit en identiteit.*** Dit is vir my belangrik om na te dink oor die vraag: hoe kan ek as 'n pastorale terapeut getrou wees aan my pastorale identiteit, terwyl my werk as pastorale terapeut op die grens tussen teologie en die sekulêre wetenskappe oor terapie beweeg? Hoe kan ek in my pastoraal terapeutiese werk primêr pastor wees, maar sonder om my te isoleer van insigte en vaardighede wat uit die sekulêre wetenskappe oor die helpende professies kom? Ek glo dat die insigte wat hieroor na vore kom vanuit 'n narratiewe benadering waardevol sal wees en kan bydra tot 'n nuwe kyk op pastorale identiteit, veral in die lig van die belangrike verskuiwing wat in die narratiewe benadering se beskouing van die self plaasvind.

University of Pretoria etd-Bosman, L L 2006


2. Een van die belangrikste vrae wat my hierdie studie laat aanpak het, is die vraag oor ***integrasie*** (vergelyk hieroor byvoorbeeld Farnsworth, 1993:180-183, 186; Benner, 1993:234; Dueck, 1993:259; White, 1997a:18; Skovholt & Rønnestad, 1992:117; Goodliff, 1998:175-178). Hoe vind integrasie van die volgende aspekte op sinvolle wyse plaas?

   - Die integrasie van teologie (en dan spesifiek pastoraat) en ander dissiplines soos psigologie, psigoterapie en maatskaplike werk. Hierdie navorsing oor die pastoraal terapeutiese self wil deelneem aan die gesprek oor die toeëiening van die eie aard van die pastoraat. Dit vorm deel van die proses van teoretiese besinning wat die integrering van psigoterapie en pastoraat ten doel het.
   - Integrasie gaan egter oor meer as die teoretiese besinning oor die verhouding teologie en psigoterapie, dit gaan ook oor die integrasie van die persoonlike en die professionele verhale van die pastorale terapeut. Daarmee saam gaan ook die vraag oor rol-integrasie: die integrasie van die verskillende professionele rolle waarin ek staan, byvoorbeeld as prediker, gemeentebestuurder, pastorale terapeut en ook my persoonlike rolle as ouer en eggenoot. Hierdie navorsing wil dan ook spesifiek kyk na pastors wat in gemeentelike bediening staan, maar wat in pastorale terapie spesialiseer. Ek wil in hierdie navorsing nagaan op watter manier die narratiewe benadering verhelderend kan wees ten opsigte van die integrasie van die verskillende beroeps- en persoonlike rolle.

   Ek hoop dat 'n besinning vanuit 'n narratiewe prakties-teologiese ondersoek bepaalde nuwe perspektiewe na vore sal bring wat 'n sinvolle bydrae tot die gesprek sal wees.

3. 'n Verdere vraag wat onderliggend is aan hierdie navorsing is dié oor ***effektiwiteit:*** hoe kan die pastorale terapeut meer effektief wees? Watter faktore dra by tot groter effektiwiteit en wat belemmer dit? In hierdie studie wat oor die pastoraal terapeutiese self gaan, val die fokus egter nie op terapeutiese tegnieke nie, maar eerder op die manier waarop die terapeutiese self kan bydra tot meer effektiewe pastorale terapie. Hierdie vraag raak sake soos die terapeutiese verhouding en die gebruik van die self in pastorale terapie.

4. Die vraag oor ***volgehoue groei*** is nog 'n vraag wat vir my belangrik is in hierdie navorsing: hoe kan 'n pastorale terapeut groei in pastoraal terapeutiese werk sonder om bloot nuwe tegnieke aan te leer of kort-kort 'n nuwe teoretiese oriëntasie aan te hang.

University of Pretoria etd-Bosman, L L 2006



Ek kan identifiseer met Browning (1991:1) se stelling dat mense wat op grense staan, genoop word om vrae te vra oor die sin van geloof en godsdienstige praktyk. Die grense waarvan Browning praat, is dié tussen godsdiens en die sekulêre wêreld, tussen tradisie en moderniteit en die grens tussen geloof en rede. In my geval beleef ek die spanning daarvan om op twee grense te staan. Die eerste grens is dié tussen die sekulêre wetenskap en teologie, wat my noodsaak om vrae te vra oor identiteit, integrasie en integriteit. Die tweede grens gaan oor die ontmoeting van die Christelike geloofstradisie met die huidige postmoderne konteks. Die vraag hier is hoe die Christelike geloofstradisie aktueel kan wees in 'n samelewing wat toenemend postmodern word. Pastorale terapie is een van die belangrike ontmoetingspunte tussen die geloofstradisie en die postmoderne samelewing, en die persoon van die pastorale terapeut is hierin op die spel. En dit bring my by die vyfde navorsingsvraag:

5. Hoe kan die pastoraal terapeutiese self toegerus word om die **Christelike geloofstradisie voort te dra en te verteenwoordig in 'n postmoderne samelewing?**

## 3. 'N NARRATIEWE AANPAK

Op hierdie stadium moet ek voorlopig iets sê oor my navorsingsaanpak. In hierdie navorsing wil ek werk met 'n narratiewe benadering. Oor die persoon van die terapeut is daar vanuit verskillende benaderings oor die afgelope jare al uitvoerig geskryf (Watkins, 1978; Kottler, 1993; Gerson, 1996; Prosky, 1996; Woskett, 1998; Edwards & Bess, 1998). In hierdie navorsing wil ek egter vanuit 'n narratiewe hoek na hierdie vraag kyk. Hierin gaan dit vir my oor twee dinge:

- ek wil in my ***navorsingsaanpak*** met 'n narratiewe benadering tot navorsing werk (hieroor meer volledig in hoofstuk 2), en

- die ***onderwerp*** van hierdie navorsing is verder ook die narratiewe benadering en die pastoraal terapeutiese self. In die praktyk beteken dit (i) dat ek in hierdie navorsing pastorale terapeute, wat self 'n narratiewe benadering volg, gebruik vir die empiriese studie, en (ii) dat ek besondere aandag sal gee aan die wyse waarop die narratiewe benadering vorm gee aan die pastoraal terapeutiese self.

University of Pretoria etd-Bosman, L L 2006



# 4. PROBLEEMVERHALE BY ANDER PASTORALE TERAPEUTE

As wegspringpunt van my empiriese ondersoek het ek vir 5 pastors wat op een of ander wyse spesialiseer of onderlê is in narratiewe pastorale terapie, gaan uitvra oor wat hulle as problematies beleef in hulle pastoraal terapeutiese werk. In hoofstuk 2 volg 'n vollediger uiteensetting oor wie die gespreksgenote is en op grond van watter kriteria hulle as gespreksgenote gekies is. In hierdie hoofstuk word daar net eers aangetoon wat hulle as probleemverhale beleef ten opsigte van hulle pastoraal terapeutiese werk.

- **Uitputting, oorlading en dreigende uitbranding**.

  Die eerste probleemverhaal wat na vore gekom het, het gegaan oor die probleem van oorlading, uitputting, belewenisse van oorweldiging en uitbranding. Uit die gespreksgenote in die empiriese navorsing se uiteenlopende omstandighede het verskillende verhale na vore gekom oor uitbranding, uitputting en oorbelading.

- **Diversiteit in die pastorale terapeut se werksopset**

  Samehangend met die tema van oorbelading en uitputting is die diversiteit van die pastor se werk. Omdat die pastorale terapeute waarmee ek gesprekke gevoer het, almal baie meer doen as terapeutiese werk, is hulle dagboeke vol van 'n diversiteit van aktiwiteite. Die diversiteit van take op sigself behoort nie 'n probleem te wees nie, maar dit gaan gewoonlik saam met 'n oorbelading van die pastor.

- **Die spanning wat pastorale terapeute beleef met die groot verhale van die geloofsgemeenskap.**

  Een van die mees konsekwente probleemverhale wat in die gesprekke na vore gekom het, is dat die meeste van my gespreksgenote hulleself, ten minste gedeeltelik, vervreemd voel van bepaalde dominante verhale wat in die kerk leef. Hierdie vervreemding raak veral drie dimensies, naamlik (1) vervreemding van 'n bepaalde soort spiritualiteit wat in sommige gemeentes dominant is, en wat verspreid deur die geloofsgemeenskap voorkom, (2) vervreemding van die dominante etiek en in 'n mindere mate ook die dogma van die kerk, en (3) vervreemding van bepaalde ideaalbeelde oor hoe 'n pastor behoort te wees en op te tree.

University of Pretoria etd-Bosman, L L 2006


- **Die gemeentelike opset**

  Saam met die gemeentelike werksopset van die gespreksgenote hang 'n hele paar eiesoortighede wat in die gesprekke na vore gekom het: prediking en pastorale terapie, die sigbaarheid van die pastorale terapeut, die invloed van die amp op die pastoraal terapeutiese verhouding, meervoudige verhoudings met gespreksgenote, en verwagtings wat gespreksgenote van die pastorale terapeut het.

- **Mag en pastorale terapie**

  Die laaste tema wat in die meeste van die navorsingsgesprekke na vore gekom het, is dié oor mag en magsmisbruik. Hierdie tema hang saam met die vorige, daarin dat die posisie van die pastorale terapeut in die geloofsgemeenskap aan hom/haar bepaalde mag toeken wat 'n impak het op die pastoraal terapeutiese verhouding.

## 5. META-NARRATIEWE EN DIE PASTORAAL TERAPEUTIESE SELF

Vanuit 'n narratiewe benadering is dit natuurlik om te kyk na die invloed van die dominante narratiewe op die individu. Pastorale terapeute se selfnarratiewe kry nie beslag in 'n vakuum nie, maar in die verhouding met talle ander verhale wat in omloop is. Ek is van mening dat een van die groot winspunte van 'n narratiewe benadering tot navorsing is dat dit deeglik rekening wil hou met die komplekse invloede wat ter sprake is wanneer mense se persoonlike verhale gekonstrueer word.

Die narratiewe benadering vra dat ons meer aandag sal gee aan die konteks waarbinne die pastor in die hede staan en die invloed wat dit het op die pastoraal terapeutiese self. In hierdie navorsing wil ek uitdruklik aandag gee aan die meta-narratiewe wat pastorale terapeute se selfnarratiewe informeer. 'n Groot deel van hoofstuk 4 word daarom aangebied as 'n besinning oor die wyse waarop die meta-narratiewe vanuit verskillende dimensies van die pastorale terapeut se werklikheid die konstruering van die pastoraal terapeutiese selfnarratiewe informeer. Aan die meta-narratiewe vanuit die volgende wêrelde word aandag gegee:

- Die meta-narratiewe vanuit die wêreld van **professionele hulpverlening en teologie**.

University of Pretoria etd-Bosman, L L 2006


- Die wyse waarop bepaalde meta-narratiewe vanuit die **geloofsgemeenskap** die pastoraal terapeutiese self informeer.
- Die invloed van die **narratiewe benadering tot terapie** op die konstruksie van pastoraal terapeutiese selfnarratiewe.

# 6. NAVORSINGSDOEL

Die doel van hierdie studie val uiteen in die volgende hoofmomente:

1. Om 'n metodologiese fundering te gee vir 'n narratiewe prakties-teologiese ondersoek. Deel van hierdie ondersoek sal wees om die narratiewe benadering tot 'n prakties-teologiese ondersoek te situeer in die postmoderne konteks en om te kyk op watter manier 'n narratiewe ondersoek die vrae en tendense van die postmoderne werklikheid aanspreek.
2. Om deel te neem aan die gesprek oor die self in 'n narratiewe benadering en dan spesifiek om 'n narratiewe prakties-teologiese beskouing van die self daar te stel.
3. Om die probleemverhale soos hierbo aangedui, verder te eksploreer vanuit 'n narratiewe benadering.
4. Om moontlikhede vir nuwe verhale oor die pastoraal terapeutiese self te ondersoek.

# 7. NAVORSINGSTRATEGIE

Die studie kom op uit die praktyk en loop weer uit op die praktyk. Dit begin by probleemverhale en poog om die temas te identifiseer wat daaruit na vore kom. Na die identifisering van die probleemverhale volg verdere besinning daaroor deur verdere empiriese ondersoek en deur dit in verband te bring met literatuur oor die onderwerp. Hierdie verdere ontwikkeling van die probleemverhale word uiteengesit in hoofstuk 4.

Voordat die probleemverhale verder geëksploreer word, doen ek in hoofstuk 2 egter eers 'n uitgebreide metodologiese verantwoording van narratiewe prakties-teologiese navorsing.

In hoofstuk 3 word 'n teoretiese studie gedoen. Die doel is om 'n teologiese fundering te gee van die beskouing van die self in 'n narratiewe prakties-teologiese benadering. Dit word gedoen deur 'n omvattende literatuurstudie oor die self soos wat dit uitgebeeld word

University of Pretoria etd-Bosman, L L 2006


deur narratiewe en sosiaal-konstruksionistiese teoretici. Daarna word hierdie sienings in verband gebring met teologiese perspektiewe met die oog daarop om 'n teologies verantwoorde narratiewe siening van die self daar te stel. Die bewegings wat Browning (1991) voorstel vir strategiese praktiese teologie word ook in die oog gehou. Hieroor meer in hoofstuk 2.

Die navorsing wil laastens ook besig wees met storie-ontwikkeling wat beteken dat gesoek sal word na nuwe verhale en nuwe moontlikhede vir die pastorale terapeut. Dit is belangrik dat hierdie nuwe stories aan 'n paar vereistes moet voldoen:

- Hierdie nuwe verhale moet gepas wees vir die verryking van pastorale terapeute se selfnarratiewe. Dit moet ruimte oopmaak vir die konstruering van alternatiewe vir die probleemverhale wat in hierdie navorsing na vore gekom het.
- Dit moet deelneem aan die gesprek oor die pastorale terapeut en pastorale terapie in die postmoderne werklikheid met sy eiesoortige vrae.
- Dit moet pas binne die raamwerk van die narratiewe benadering en 'n narratiewe beskouing van die self. Hierdie is nie alleen 'n metodologiese vereiste nie, maar is deel van die poging om die navorsing aktueel en relevant in 'n postmoderne werklikheid te maak.
- Die nuwe verhale moet naas relevansie ook getrouheid vertoon aan die identiteit van die Christelike geloofsgemeenskap. Dit moet deel wees van 'n gesprek waarin die groot verhale van die Christelike geloofstradisie voortgedra word in nuwe omstandighede.

# 8. DIE HANTERING VAN BEPAALDE BRONNE

## 8.1.1 Verhale van gespreksgenote en eie verhale

'n Uitstaande kenmerk van die narratiewe benadering is dat dit gaan oor die hoor van verhale. Soos wat narratiewe terapie poog om ruimte skep waarin verhale vertel kan word, poog ek ook in hierdie navorsing om ruimte te skep vir verhale. Die verhale wat ek uit my empiriese navorsing hoor, speel daarom 'n sleutelrol in hierdie navorsing. In die praktyk beteken dit ek dikwels lang verbatim aanhalings gee uit die navorsingsgesprekke. Ek weerhou my daarvan om hierdie gesprekke te redigeer, en sal slegs, waar nodig, 'n verduidelikende opmerking in hakies gee. Hierdie aanhalings word in ingekeepte

University of Pretoria etd-Bosman, L L 2006


paragrawe en met 'n ander lettertipe weergegee as die res van die teks. Ek gebruik ook hierdie selfde formaat wanneer ek van my eie verhale weergee. Die sprekers in die navorsingsgesprekke word soos volg afgekort:

N: Navorser

G 1: Gespreksgenoot 1

G 2: Gespreksgenoot 2

G 3: Gespreksgenoot 3

G 4: Gespreksgenoot 4

G 5: Gespreksgenoot 5

### 8.1.2 Die internet

Hierdie proefskrif is 'n poging om in 'n postmoderne werklikheid navorsing te doen. 'n Kenmerk van die postmoderne werklikheid is die "*global village*" (Rossouw, 1995) waarin inligting wêreldwyd beskikbaar is deur middel van die internet. In hierdie navorsing gebruik ek heelwat internetbronne. Die probleem met inligting op die internet is dat dit meestal ongesifte materiaal is, wat nie deur 'n keuringsproses vir akademiese integriteit gegaan het nie. Die voordeel, aan die ander kant, is dat 'n magdom nuwe materiaal baie maklik beskikbaar is. Vir hierdie spesifieke navorsingsaanpak is dit ook van belang om op te merk dat heelwat van hierdie inligting in die vorm van verhale aangebied word.

Verwysings na internetbronne geskied in hierdie navorsing slegs by wyse van 'n verwysing na die outeur en jaartal van die bron. Wanneer geen verwysing beskikbaar is oor wanneer 'n bron geskryf is nie, verwys ek na die jaar wanneer ek die webwerf besoek het. Die webwerf waarna verwys word, is korrek by tye van my besoek daaraan. Tensy die webwerf 'n spesifieke manier aandui waarop daarna verwys moet word, verwys ek altyd na die adres soos dit verskyn saam met die spesifieke teks of webwerf. Ek verwys nie na bladsynommers nie, omdat die veranderlikes daaromtrent te groot is.

## 9. NAVORSINGSKEMA

Hierdie studie word dan ingedeel in die volgende hoofstukke:

Hoofstuk 1: Voorlopige besinning oor navorsingsmetodologie.

Hoofstuk 2: 'n Prakties-teologiese verantwoording van narratiewe navorsing oor die self.

University of Pretoria etd-Bosman, L L 2006


Hoofstuk 3: Die self in 'n narratiewe beskouing.

Hoofstuk 4: Storie ontdekking oor die pastoraal terapeutiese self.

Hoofstuk 5: Nuwe stories en moontlikhede vir verdere gesprek.

Hoofstuk 6: Kritiese refleksie oor die navorsing.

Hoofstuk 2 en 3 is twee teoretiese hoofstukke wat poog om 'n begronding te gee vir die navorsing oor die pastoraal terapeutiese self wat in hoofstuk 1; 4 en 5 uiteengesit word. Die groot uiteensetting van die navorsing loop in 'n boog: dit begin by probleemverhale uit die praktyk, dan volg daar teoretiese besinning oor die navorsing as sodanig in hoofstuk 2, die self in hoofstuk 3 en die probleemverhale in hoofstuk 4. In hoofstuk 5 word daar gepoog om nuwe verhale vir die pastoraal terapeutiese self te ontwikkel. Dit kom dus op uit die praktyk, gaan dan na die teorie en keer terug na die praktyk. Hoofstuk 6, ten slotte, is 'n kritiese selfrefleksie oor die navorsingsproses.